

# DIE EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTHIËRS

## Inleiding

*1 Korinthiërs* is waarskynlik vroeg in 55 nC uit Efese geskryf (16:8).

Paulus het reeds vroeër 'n brief aan die Korinthiërs geskryf, maar dit het verlore geraak (5:9).

In 1:1 word Paulus en Sostenes as outeurs vermeld. Laasgenoemde is vermoedelik dieselfde persoon as die Sostenes na wie in Handeling 18:17 as hoof van die sinagoge in Korinthe verwys word. Alhoewel Sostenes as medeskrywer vermeld word, dui die persoonlike trant van *1 Korinthiërs* daarop dat Paulus die eintlike skrywer was. Soos dit sy gebruik was, dikteer hy die brief aan 'n sekretaris, maar soms neem hy, soos hier, teen die einde van die brief self die pen op (16:21).

Die gemeente in Korinthe — 'n kosmopolitiese hawestad in die suide van Griekeland — is in ongeveer 50 nC deur Paulus op sy tweede sendingreis gestig (Hand 18:11). Hierdie gemeente het Joodse gelowiges ingesluit, maar het hoofsaaklik uit nie-Jode bestaan. Ná 'n verblyf van agtien maande bly Paulus deurlopend met hierdie gemeente in voeling. In 'n brief wat verlore gegaan het, het hy hulle gewaarsku teen gelowiges wat 'n onsedelike lewe lei (5:9). Voor die skrywe van *1 Korinthiërs* is hy persoonlik deur Chloë se mense ingelig (1:11), gemeentelede besoek hom (16:15), en hy ontvang ook 'n brief van die gemeente wat allerlei navrae bevat (7:1,25; 8:1 en verder).

*1 Korinthiërs* konsentreer onder meer op verdeeldheid in die gemeente

(1:10 — 4:21), huweliksaangeleenthede (7) en probleme rondom die erediens en genadegawes (11:2 — 14:40). In hoofstuk 13 besing die apostel die allesoorheersende belangrikheid van die liefde, en 1 Korinthiërs 15 word beskou as die sentrale hoofstuk in die Bybel oor die opstanding.

Paulus reageer op onsedelikheid in die gemeente, soos aan hom oorgedra tydens besoeke van gemeentelede, deur Chloë se mense, en deur 'n brief van die gemeente. Met Jesus Christus se kruis en opstanding as vertrekpunt, beredeneer Paulus verdeeldheid in die gemeente, verdedig hy sy apostelskap, gee hy aanwysings vir getroudes en ongetroudes, en veroordeel hy misbruike in die gemeente. Hy bespreek die eenheid van die kerk as die liggaam van Christus.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-3 Brieffaanhef

1:4-9 Dankgebed

1:10 — 4:21 Waarskuwing teen verdeeldheid in die gemeente

5 — 6 Vermaning oor ernstige wantoestande in die gemeente

7:1 — 11:1 Beantwoording van navrae uit die gemeente

11:2 — 14:40 Probleme rondom die erediens en genadegawes

15 Die opstanding

16:1-12 Insameling vir die gemeente in Jerusalem en Paulus se reisplanne

16:13-22 Versoeke en groete

16:13-24 Seën en liefdesgroet

# 1

<sup>1</sup> Paulus, deur die wil van God 'n geroepe •apostel van •Christus Jesus, en die broer<sup>a</sup> Sostenes,

<sup>2</sup> aan<sup>b</sup> die •gemeente van God in Korinthe wat in Christus Jesus geheilig is deur God — geroepe heiliges,<sup>c</sup> saam met almal wat op elke plek die Naam van ons Here Jesus Christus aanroep, hulle Here en ons Here:

<sup>3</sup> Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

## Danksegging

<sup>4</sup> Ek dank my God deurentyd oor julle en vir die genade van God wat aan julle gegee is in •Christus Jesus. <sup>5</sup> Want deur Hom is julle in alle opsigte verryk in elke woord en in alle kennis. <sup>6</sup> Net so is die getuienis oor Christus stewig onder julle gevestig, <sup>7</sup> sodat julle, terwyl julle wag op die openbaarmaking van ons Here Jesus Christus,<sup>\*</sup> nie in enige genadegawe tekort skiet nie. <sup>8</sup> \*Hy sal julle ook tot aan die einde standvastig maak, sodat julle sonder blaam sal wees op die dag van ons Here Jesus Christus. <sup>9</sup> God is getrou,<sup>\*</sup> deur wie julle geroep is tot verbondenheid met sy Seun, Jesus Christus, ons Here.<sup>\*</sup>

---

<sup>a</sup>**1:1 broer:** Medegelowige.

<sup>b</sup>**1:2 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

<sup>c</sup>**1:2 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

<sup>\*</sup>**1:7 openbaarmaking ... Christus:** Luk 17:30; 2 Thess 1:7; Tit 2:13

<sup>\*</sup>**1:8** Fil 1:6; 1 Thess 3:13; 5:23

<sup>\*</sup>**1:9 God is getrou:** Deut 7:9; 1 Kor 10:13; 1 Thess 5:24

<sup>\*</sup>**1:9 verbondenheid ... Here:** 1 Joh 1:3

## Verdeeldheid in die gemeente

<sup>10</sup> Ek pleit by julle, broers,<sup>d</sup> in die Naam van ons Here Jesus •Christus, dat julle almal eenstemmig sal wees en dat daar nie verdeeldheid onder julle sal wees nie, maar dat julle volkome eensgesind mag wees, met dieselfde denkwysie en dieselfde oortuiging.\* <sup>11</sup> My broers, ek is deur Chloë se mense ingelig dat daar twiste onder julle is. <sup>12</sup>\* Wat ek bedoel, is dat elkeen van julle sê: “Ék is van Paulus”, of: “Ék van Apollos\*”, of: “Ék van Sefas<sup>e</sup>”, of: “Ék van Christus”. <sup>13</sup> Is Christus verdeel? Paulus is tog nie vir julle gekruisig nie? Of is julle dan in die naam van Paulus gedoop? <sup>14</sup> Ek dank God dat ek, afgesien van Krispus\* en Gaius,\* nie een van julle gedoop het nie, <sup>15</sup> sodat niemand kan sê dat julle in my naam gedoop is nie. <sup>16</sup> Ek het wel die huisgesin van Stefanus\* gedoop, maar verder weet ek nie van iemand anders wat ek gedoop het nie. <sup>17</sup> Christus het my immers nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig\* — nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie van sy krag ontnem word nie.

## Christus as krag en wysheid van God

<sup>18</sup>\* Die boodskap van die kruis is immers dwaasheid vir diegene wat verlore gaan, maar vir ons wat verlos word, is dit die krag van God.

---

<sup>d</sup>1:10 *broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*1:10 *volkome ... oortuiging*: Fil 2:2

\*1:12 1 Kor 3:4

\*1:12 *Apollos*: Hand 18:24-28

<sup>e</sup>1:12 *Sefas*: •Petrus se Aramese naam, dit beteken ‘rots’; Joh 1:42.

\*1:14 *Krispus*: Hand 18:8

\*1:14 *Gaius*: Hand 19:29; Rom 16:23

\*1:16 *die huisgesin van Stefanus*: 1 Kor 16:15

\*1:17 *Christus het ... verkondig*: Matt 28:19; Joh 4:2

\*1:18 Rom 1:16; 2 Kor 4:3

<sup>19</sup> Want daar staan geskryf:

“Ek sal die wysheid van die wyses tot niet maak  
en die insig van die verstandiges verwerp.”\*

<sup>20</sup> Waar is die wyse man,\* waar die skrifkenner,\* waar die redevoerder van hierdie wêreld? Het God dan nie die wysheid van die wêreld dwaasheid laat word nie?\* <sup>21</sup> \*Trouens, deur die wysheid van God het die wêreld Hom nie deur wysheid leer ken nie. God het verkies om hulle wat glo te verlos deur die dwaasheid van die verkondiging. <sup>22</sup> Die Jode vra tekens\* en die Grieke soek wysheid.\* <sup>23</sup> Ons egter, verkondig 'n gekruisigde •Christus. Vir die Jode is dit 'n struikelblok\* en vir die nie-Jode 'n dwaasheid.\* <sup>24</sup> Maar vir diegene wat geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.\* <sup>25</sup> Want die dwaasheid van God is wyser as dié van mense, en die swakheid van God is sterker as dié van mense.\*

<sup>26</sup> \*Broers,<sup>f</sup> slaan ag op julle roeping: Menslik gesproke, is daar onder

---

\* **1:19** *Ek ... verwerp:* Jes 29:14

\* **1:20** *Waar is ... man:* Jes 19:12

\* **1:20** *waar die skrifkenner:* Jes 33:18

\* **1:20** *Het God ... word nie:* Jes 44:25

\* **1:21** Matt 11:25

\* **1:22** *Die Jode vra tekens:* Matt 12:38; Joh 4:48

\* **1:22** *die Grieke ... wysheid:* Hand 17:18,32

\* **1:23** *Vir die Jode ... struikelblok:* Rom 9:32

\* **1:23** *vir die nie-Jode 'n dwaasheid:* 1 Kor 2:14

\* **1:24** *Christus ... wysheid van God:* Kol 2:3

\* **1:25** *swakheid ... mense:* 2 Kor 13:4

\* **1:26** Matt 11:25; Joh 7:48; Jak 2:1-5

<sup>f</sup>**1:26** *Broers:* Vgl voetnoot in 1 Kor 1:10.

julle nie baie wyses, nie baie invloedrykes of mense van adellike afkoms nie. <sup>27</sup> Maar die dwaashede van die wêreld het God uitgekies om die wyses te beskaam, en die swakhede van die wêreld het God uitgekies om die sterkes te beskaam, <sup>28</sup> en die onbelangrike en veragtelike dinge van die wêreld het God uitgekies — dit wat niks is, om wat wél iets was, tot niet te maak, <sup>29</sup> \* sodat geen mens iets het waarop hy hom voor God kan beroem nie. <sup>30</sup> Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom: regverdiging<sup>g</sup> sowel as heiliging en bevryding. \* <sup>31</sup> Daarom, soos daar geskryf staan: “Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here.”\*

## 2

### Paulus se prediking van die kruis

<sup>1</sup> \*Wat my betref, broers,<sup>h</sup> toe ek na julle toe gekom het, het ek nie gekom om met verhewe woorde of wysheid God se geheimenis aan julle te verkondig nie. <sup>2</sup> \*Ek het besluit om by julle van niks anders te weet nie as van Jesus •Christus, en Hom as gekruisigde. <sup>3</sup> \*Daarby het ek in swakheid na julle toe gekom, vol vrees en bewing. <sup>4</sup> \*My lering en my verkondiging het nie berus op oorredende woorde van wysheid<sup>i</sup> nie,

---

\* **1:29** Rom 3:27; Ef 2:9

<sup>g</sup>**1:30** *regverdiging*: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

\* **1:30** *wat vir ... bevryding*: Jer 23:5-6; Joh 17:19; 2 Kor 5:21

\* **1:31** *Wie ... Here*: Jer 9:24; 2 Kor 10:7

\* **2:1** 1 Kor 1:17

<sup>h</sup>**2:1** *Broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\* **2:2** Gal 6:14

\* **2:3** Hand 18:9; 2 Kor 10:1

\* **2:4** 1 Thess 1:5

<sup>i</sup>**2:4** *woorde van wysheid*: Volgens die manuskripgetuienis is dit nie heeltemal seker of “woorde” oorspronklik deel van die •bronteks was nie.

maar op bewyse van die Gees en van krag, <sup>5</sup> sodat julle geloof nie op die wysheid van mense berus nie, maar op die krag van God.

<sup>6</sup> Vir diegene wat volwasse is in geloof, \* is wat ons sê wel wysheid, nie die wysheid van hierdie wêreld of van hierdie wêreld se heersers nie — hulle gaan in elk geval tot niet. <sup>7</sup> Ons praat egter van God se wysheid\* wat in 'n misterie gehul was, maar wat Hy voor alle tye vir ons heerlijkheid bestem het, <sup>8</sup> \* en wat nie een van die heersers van hierdie wêreld geken het nie; want as hulle het, sou hulle nie die Here van heerlijkheid\* gekruisig het nie. <sup>9</sup> Maar soos daar geskryf staan:

“Wat die oog nie gesien het, die oor nie gehoor het  
en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie,\*  
dit het God voorberei vir diegene wat Hom liefhet.\*”\*

<sup>10</sup> Maar aan ons het God dit deur die Gees geopenbaar,\* want die Gees ondersoek alles, ook die dieptes van God. <sup>11</sup> Want watter mens ken die dieptes van 'n mens, behalwe sy eie gees in hom? \* Net so ken niemand die dieptes van God nie, behalwe die Gees van God. <sup>12</sup> Ons het tog nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat van God kom, sodat ons kan weet wat God genadiglik aan ons geskenk het.\* <sup>13</sup> \* Ons praat ook

---

\*2:6 Vir ... geloof: Ef 4:13; Fil 3:15

\*2:7 God se wysheid: Rom 16:25; Kol 1:26

\*2:8 Luk 23:34

\*2:8 die Here van heerlijkheid: Jak 2:1

\*2:9 in die hart ... het nie: Jer 3:16c

\*2:9 vir diegene ... liefhet: Sir 1:10

\*2:9 Wat die ... liefhet: Jes 64:4; 52:15

\*2:10 Maar ... geopenbaar: Matt 13:11

\*2:11 Want ... hom: Spr 20:27

\*2:12 die Gees wat ... geskenk het: Joh 16:13-14

\*2:13 1 Kor 2:4

oor hierdie dinge, nie met woorde wat menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer, terwyl ons geestelike dinge met geestelike dinge beoordeel. <sup>14</sup> \*Maar 'n niegeestelike mens aanvaar nie wat van die Gees van God kom nie; vir hom is dit immers dwaasheid\* en hy kan dit nie begryp nie, omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word. <sup>15</sup> Die geestelike mens beoordeel egter alle dinge,\* hoewel hyself deur niemand beoordeel kan word nie.

<sup>16</sup> “Wie het tog die Here se denke begryp om vir Hom te kan voorskryf?”\*

Wat ons betref, ons het die denkwysse van •Christus.

### 3

#### Groepvorming rondom leiers

<sup>1</sup> \*Wat my betref, broers,<sup>j</sup> ek kon nie met julle praat soos met geestelike mense nie, maar wel soos met wêreldse mense, soos met suigeling, in •Christus. <sup>2</sup> Ek het julle melk gegee om te drink, nie vaste kos nie,\* omdat julle nog nie daartoe in staat was nie. Selfs nou is julle nog nie daartoe in staat nie, <sup>3</sup> want julle is steeds wêrelds. Waar daar onder julle afguns en onenigheid is,\* is julle dan nie wêrelds en gedra julle julle dan nie soos

---

\*2:14 Joh 8:47; 14:17

\*2:14 vir hom ... dwaasheid: 1 Kor 1:23

\*2:15 Die geestelike ... dinge: 1 Joh 2:20

\*2:16 Wie ... voorskryf: Jes 40:13 •Septuagint; Rom 11:34

\*3:1 Joh 16:12

<sup>j</sup>3:1 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*3:2 Ek ... kos nie: Heb 5:12-13; 1 Pet 2:2

\*3:3 Waar ... onenigheid is: 1 Kor 1:10-11; 11:18



wêreldse mense nie? <sup>4</sup> Elke keer as een van julle sê: “Ek is van Paulus,” en 'n ander: “Ek van Apollos,”\* is julle nie wêreldse mense nie? <sup>5</sup> Wat is Apollos nou eintlik?\* En wat is Paulus? Hulle is dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, soos die Here dit vir elkeen van hulle gegee het. <sup>6</sup> Ek het geplant,\* Apollos het natgegooi,\* maar God het laat groei. <sup>7</sup> Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei. <sup>8</sup> Dit is een wat plant en dit is een wat natgooi,<sup>k</sup> en elkeen sal sy loon volgens sy eie arbeid ontvang. <sup>9</sup> Ons is medewerkers van God; julle is God se saailand,\* God se bouwerk.\*

### Gelowiges as die tempel van God

<sup>10</sup> Volgens die genade deur God aan my gegee,\* het ek soos 'n bedrewe bouer\* 'n fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Elkeen moet egter let op hoe hy daarop bou. <sup>11</sup> \*Want niemand kan 'n ander fondament lê<sup>l</sup> as wat reeds gelê is nie — dit is Jesus •Christus. <sup>12</sup> Of iemand nou op die fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of strooi — <sup>13</sup> \*elkeen se werk sal duidelik word, want dié dag sal dit aan die lig

---

\***3:4** *een van ... Apollos:* 1 Kor 1:12

\***3:5** *Wat is ... nou eintlik:* Hand 18:24,27

\***3:6** *Ek het geplant:* Hand 18:4,11

\***3:6** *Apollos het natgegooi:* Hand 18:24-28

<sup>k</sup>**3:8** *Dit ... natgooi:* Kan ook vertaal word “die een wat plant en die een wat natgooi is ewe belangrik”, of “die een wat plant en die een wat natgooi het dieselfde doel”.

\***3:9** *God se saailand:* Matt 13:3-9

\***3:9** *God se bouwerk:* Ef 2:20

\***3:10** *Volgens ... gegee:* 1 Kor 15:10

\***3:10** *bedrewe bouer:* 2 Pet 3:15

\***3:11** Jes 28:16; 1 Pet 2:4-6

<sup>l</sup>**3:11** *fundament lê:* Verwys na Jes 28:16 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Pet 2:4-6.

\***3:13** 1 Kor 4:5; 2 Thess 1:7-10

bring. Deur vuur sal dit geopenbaar word en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk op die proef stel. <sup>14</sup> As iemand se bouwerk behoue bly, sal hy sy loon ontvang. <sup>15</sup> As iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly — hoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.\* <sup>16</sup> \*Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? <sup>17</sup> As iemand die tempel van God skade aandoen, sal God hom skade aandoen, want die tempel van God is heilig, en dié tempel is julle. <sup>18</sup> Laat niemand homself bedrieg nie. As iemand onder julle in hierdie wêreld meen dat hy wys is, laat hy dwaas word, sodat hy wys kan word, <sup>19</sup> want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God. Daar staan immers geskryf:

“Hy vang die wyses deur middel van hulle eie slinksheid;”\*

<sup>20</sup> en ook:

“Die Here ken die redenasies van die wyses, dat dit niksseggend is.”\*

<sup>21</sup> Daarom moet niemand hulle op mense beroem nie. Alles behoort tog aan julle: <sup>22</sup> Of dit Paulus of Apollos of Sefas,<sup>m</sup> of die wêreld of lewe of dood, of teenswoordige of toekomstige dinge is — alles behoort aan julle. <sup>23</sup> Maar julle behoort aan •Christus, en Christus aan God.

## 4

### Die bediening van die apostels

<sup>1</sup> Só moet mense ons beskou: as diensknegte van •Christus en as

---

\***3:15** *gered ... heen:* Am 4:11; Sag 3:2; Jud vs 23

\***3:16** 1 Kor 6:19; 2 Kor 6:16

\***3:19** *Hy ... slinksheid:* Job 5:13; Ps 35:8

\***3:20** *Die Here ... niksseggend is:* Ps 94:11; Rom 1:21

<sup>m</sup>**3:22** *Sefas:* •Petrus se Aramese naam, dit beteken ‘rots’; Joh 1:42.

bedienaars van die verborgenhede van God. <sup>2</sup>\* Boonop word van sulke bedienaars verwag dat elkeen van hulle getrou bevind sal word. <sup>3</sup> Vir my is dit nie 'n belangrike saak of ek deur julle of deur enige menslike regbank beoordeel word nie; trouens, ek beoordeel nie eers myself nie. <sup>4</sup> Ek is nie bewus van enigiets teen my nie, maar dit beteken nie dat ek regverdig is nie.\* Hy wat my beoordeel, is die Here. <sup>5</sup> Gevolglik moet julle nie reeds oordeel voordat die Here kom nie. Hy sal die verborge dinge van die duisternis aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Dan sal elkeen afsonderlik van God lof ontvang.\*

<sup>6</sup> Hierdie dinge, broers,<sup>n</sup> het ek om julle onthalwe op myself en Apollos van toepassing gemaak, sodat julle deur ons kan leer om julle nie te verhef bo wat geskryf is nie, sodat niemand homself belangrik sal ag omdat hy vir die een is en teen 'n ander nie.\* <sup>7</sup> Want wie ag jou belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?\* As jy dit dan ontvang het, waarom beroem jy jou daarop asof jy dit nie ontvang het nie? <sup>8</sup> Julle is mos reeds versadig! Julle is reeds ryk! Sonder ons het julle soos konings begin regeer.\* Het julle maar waarlik regeer, sodat ons saam met julle kon regeer!\* <sup>9</sup> Dit lyk vir my of God ons •apostels as die heel laastes aangewys het, asof ons ter dood veroordeel is,\* omdat ons 'n skouspel geword het vir die wêreld, vir engele sowel as vir mense. <sup>10</sup>\* Ons

---

\* 4:2 Luk 12:42

\* 4:4 *dit beteken ... regverdig is nie:* Ps 143:2

\* 4:5 *sal elkeen ... ontvang:* 1 Kor 3:8

<sup>n</sup> 4:6 **broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\* 4:6 *kan leer ... ander nie:* Rom 12:3

\* 4:7 *En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie:* Rom 12:6

\* 4:8 *Julle is mos ... begin regeer:* Op 3:17

\* 4:8 *Het julle ... kon regeer:* Op 3:21

\* 4:9 *God ... veroordeel is:* Rom 8:36; Heb 10:33

\* 4:10 1 Kor 3:18

is dwaas ter wille van Christus, maar julle is verstandig in Christus; ons is swak, maar julle sterk; julle geëerd, maar ons sonder eer.<sup>11</sup> \*Tot op hierdie oomblik ly ons honger en dors, is karig geklee, word geslaan, swerf dakloos<sup>12</sup> en swoeg deur met ons eie hande te werk.\* Word ons beledig, seën ons;\* word ons vervolg, verdra ons;<sup>13</sup> word ons belaster, antwoord ons beleefd. Soos die vullis van die wêreld het ons geword,\* soos die skuim van die samelewing — tot nou toe.

<sup>14</sup> Ek skryf nie hierdie dinge om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys.<sup>15</sup> Want selfs al het julle 'n menigte opvoeders in •Christus, het julle nie baie vaders nie. Deur die evangelie het ek in Christus Jesus julle vader geword.\*<sup>16</sup> Ek doen dus 'n ernstige beroep op julle: Volg my voorbeeld.\*<sup>17</sup> Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue kind in die Here, na julle gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewenswyse in Christus Jesus\* soos wat ek oral, in elke •gemeente, onderrig gee.<sup>18</sup> Sommige van julle het verwaand geword, asof julle aangeneem het dat ek nie na julle kom nie,<sup>19</sup> maar as die Here wil, sal ek binnekort na julle kom.\* Dan sal ek die verwaandes se krag leer ken en nie net hulle gepraat nie,<sup>20</sup> \*want die •koninkryk van God bestaan nie uit 'n gepraat nie, maar uit krag.<sup>21</sup> Wat verkies julle? Dat ek met 'n slaanstkog na julle kom, of in liefde en 'n gees van sagmoedigheid?

---

\* **4:11** 2 Kor 11:23-27

\* **4:12** swoeg ... werk: Hand 18:3; 20:34; 1 Thess 2:9; 2 Thess 3:8; 1 Kor 9:14-15

\* **4:12** Word ... seën ons: Ps 109:28; Matt 5:44; Luk 6:28; Hand 7:60; Rom 12:14

\* **4:13** Soos die vullis ... geword: Klaagl 3:45

\* **4:15** Deur ... geword: Gal 4:19

\* **4:16** Volg my voorbeeld: 1 Kor 11:1; Fil 3:17; 1 Thess 1:6

\* **4:17** het ek ... Jesus: Hand 19:22; Fil 2:19-22

\* **4:19** maar as ... kom: Hand 18:21; Jak 4:15

\* **4:20** 1 Kor 2:4

# 5

## Onsedelikheid in die gemeente

<sup>1</sup> 'n Mens hoor werklikwaar van seksuele losbandigheid onder julle en dan 'n soort seksuele losbandigheid wat selfs nie onder die heidene geduld word nie: dat 'n man met sy pa se vrou saamleef.\* <sup>2</sup> Tog is julle steeds hoogmoedig! Moes julle nie eerder treur en toesien dat hy wat hierdie daad gepleeg het uit julle midde verwyder word nie? <sup>3</sup> Wat my betref, alhoewel ek liggaamlik afwesig is, is ek in die gees by julle.\* Asof teenwoordig, het ek reeds die man wat so 'n ding gedoen het, geoordeel. <sup>4</sup> Wanneer julle in die Naam van ons Here Jesus vergader en ek in die gees teenwoordig is, gee, met die krag van ons Here Jesus, <sup>5</sup> só 'n mens oor aan Satan<sup>o</sup> om sy sondige aard te vernietig,\* sodat sy gees op die dag van die Here verlos mag word.

<sup>6</sup> Julle grootpraterij is nie mooi nie. Weet julle dan nie dat 'n klein bietjie suurdeeg die hele mengsel deursuur nie? <sup>7</sup> Verwyder die ou suurdeeg sodat julle nuwe deeg kan wees, soos julle inderdaad ongesuurde brood is.\* Want ook ons Pasgalam, •Christus, is geslag.<sup>p</sup> <sup>8</sup> \*Laat ons daarom feesvier, nie met ou suurdeeg, die suurdeeg van kwaad en boosheid nie, maar met die ongesuurde brood van opregtheid

---

\* **5:1** 'n man ... saamleef: Lev 18:7-8; Deut 22:30; 27:20

\* **5:3** alhoewel ... by julle: Kol 2:5

<sup>o</sup>**5:5 Satan:** Die benaming "Satan" is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat 'teenstander' of 'aanklaer' beteken.

\* **5:5** só ... vernietig: 1 Tim 1:20; 1 Pet 4:6

\* **5:6** Weet ... deursuur nie: Gal 5:9

\* **5:7** Verwyder ... brood is: Eks 13:7

<sup>p</sup>**5:7** ons ... geslag: Verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Eks 12:21; 1 Pet 1:19.

\* **5:8** Eks 12:3-20; 13:7; Deut 16:3

en waarheid.

<sup>9</sup> Ek het in my brief aan julle geskryf om nie met hoereerders te meng nie.\* <sup>10</sup> Daarmee het ek beslis nie die hoereerders van hierdie wêreld bedoel nie, of die gierigaards en rowers of afgodedienswaarders nie, want dan sou julle uit die wêreld moes weggaan. <sup>11</sup> Nôú skryf ek aan julle om nie te meng met iemand wat homself 'n gelowige<sup>q</sup> noem, maar 'n hoereerder of 'n gierigaard is, of 'n afgodedienswaarder of 'n kwaadprater of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle nie eers saam eet nie.\* <sup>12</sup> Waarom sou ek die buitelanders\* oordeel? Moet julle nie eerder diegene in julle eie gelede oordeel nie? <sup>13</sup> God sal die buitelanders oordeel. “Verwyder die slegte mens uit julle midde.”\*

## 6

### Hofsake met medegelowiges

<sup>1</sup> Hoe durf enigeen van julle wat 'n klag teen 'n ander het, dit deur die onregverdiges laat besleg en nie deur •heiliges nie? <sup>2</sup> Of weet julle nie dat die heiliges<sup>r</sup> die wêreld sal oordeel nie? \* As die wêreld dan deur julle geoordeel gaan word, is julle onbevoeg vir die nietigste regsake? <sup>3</sup> Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie? Hoeveel te meer die dinge van die alledaagse lewe? <sup>4</sup> As julle 'n regsding oor alledaagse sake het, laat julle

---

\* **5:9** om nie ... meng nie: Matt 18:17; 2 Thess 3:14

<sup>q</sup>**5:11** **gelowige**: Letterlik ‘broer’.

\* **5:11** om nie ... eet nie: 2 Thess 3:6; Tit 3:10; 2 Joh 10

\* **5:12** die buitelanders: Mark 4:11

\* **5:13** Verwyder ... midde: Deut 17:7; 19:19; 22:21,24; 24:7

<sup>r</sup>**6:2** **heiliges**: Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

\* **6:2** die heiliges ... oordeel nie: Dan 7:22; Wys 3:8; Op 3:21

dit besleg deur mense wat geen aansien in die •gemeente het nie? <sup>5</sup> Ek sê hierdie dinge om julle te beskaam. Is daar dan nie eers een wyse onder julle wat in staat is om reg te spreek oor sy broer<sup>s</sup> nie? <sup>6</sup> Maar daag 'n gelowige 'n medegelowige eerder voor die hof, en dit voor ongelowiges? <sup>7</sup> Dit is reeds 'n volslae nederlaag vir julle dat julle hofsake teen mekaar maak.\* Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie besteel nie? <sup>8</sup> Maar julle besteel en pleeg onreg en dit nogal teenoor broers.

### Waarskuwing teen 'n goddelose lewe

<sup>9</sup>\* Weet julle nie dat onregverdiges die •koninkryk van God nie sal beërf nie? Laat julle nie mislei nie: Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer, <sup>10</sup> of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpratere of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie. <sup>11</sup>\* So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus •Christus en deur die Gees van ons God.

### Verheerliking van God met jou liggaam

<sup>12</sup>“Alles is my geoorloof,”<sup>t</sup> maar nie alles is voordelig nie.\* “Alles is my geoorloof,” maar ek sal my deur niks laat oorheers nie. <sup>13</sup>“Kos is vir die maag en die maag vir kos,” maar God sal die een en ook die ander vernietig. Die liggaam is tog nie daar vir seksuele losbandigheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.\* <sup>14</sup>\* Deur sy krag het God

---

<sup>s</sup>6:5 *broer*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*6:7 *Dit ... maak*: Matt 5:39; 1 Thess 5:15; 1 Pet 3:9

\*6:9-10 Gal 5:19-21; Ef 5:5; Op 22:15

\*6:11 Tit 3:3-7

<sup>t</sup>6:12 *Alles ... geoorloof*: 'n Bekende spreuk uit daardie tyd.

\*6:12 *Alles ... voordelig nie*: Sir 37:28; 1 Kor 10:23

\*6:13 *Die liggaam is ... vir die liggaam*: 1 Thess 4:3-5

\*6:14 Rom 8:11; 1 Kor 15:15,20; 2 Kor 4:14

die Here opgewek en sal Hy ons ook opwek. <sup>15</sup> Weet julle nie dat julle liggame ledemate van •Christus is nie?\* Sal ek dan die ledemate van Christus neem en deel maak van 'n prostituut? Beslis nie! <sup>16</sup> Of weet julle nie dat iemand wat met 'n prostituut gemeenskap het, een liggaam met haar word nie? Daar staan immers: “Die twee sal een liggaam wees.”\* <sup>17</sup> Maar die persoon wat homself aan die Here verbind, is een gees met Hom. <sup>18</sup> Vlug weg van seksuele losbandigheid! Elke sonde wat 'n mens doen, is buite sy liggaam, maar iemand wat seksueel losbandig optree, sondig teen sy eie liggaam. <sup>19</sup> Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle\* en dat julle nie aan julleself behoort nie? <sup>20</sup> Want julle is duur gekoop.\* Verheerlik God dan met julle liggaam.\*

## 7

### Vrae oor die huwelik

<sup>1</sup> Verder, met verwysing na waarom julle geskryf het: “Dit is goed vir 'n man om nie met 'n vrou omgang te hê nie.”<sup>u</sup> <sup>2</sup> Maar om seksuele losbandigheid te voorkom, laat elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man. <sup>3</sup> Laat die man sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man. <sup>4</sup> Die getroude vrou het nie seggenskap oor haar eie liggaam nie, maar haar man wel; net so het die man ook nie seggenskap oor sy eie liggaam nie, maar sy vrou wel. <sup>5</sup> Moet julle nie van

---

\* **6:15** *liggame ... is nie:* Rom 12:5; 1 Kor 12:27

\* **6:16** *Die twee ... wees:* Gen 2:24; Matt 19:5

\* **6:17** Joh 17:21-23; Rom 8:9-11; Gal 2:20

\* **6:19** *julle liggaam ... in julle:* 1 Kor 3:16; 2 Kor 6:16

\* **6:20** *Want ... gekoop:* 1 Kor 7:23; 1 Pet 1:18-19

\* **6:20** *Verheerlik ... liggaam:* Fil 1:20

<sup>u</sup>**7:1** *Dit is ... hê nie:* 'n Stelling waarom die •gemeente in hulle brief navraag gedoen het.



mekaar weerhou nie, behalwe as julle ooreenkom om dit vir 'n tyd lank te doen om julle aan gebed te kan wy. En kom dan weer bymekaar, sodat Satan<sup>v</sup> julle nie verlei as gevolg van julle gebrek aan selfbeheersing nie.

<sup>6</sup> Dit sê ek as toegewing, nie as voorskrif nie. <sup>7</sup> \*Ek wens alle mense kon soos ek wees; maar elkeen het 'n eie gawe van God ontvang, die een dit, die ander iets anders.

<sup>8</sup> Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek dat dit vir hulle goed is om ook soos ek te bly. <sup>9</sup> Maar as hulle nie hulleself kan beheer nie, laat hulle trou,\* want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.

### **Geen egskeiding vir gelowiges nie**

<sup>10</sup> Aan die wat getroud is, gee ek die opdrag — nie ek nie, maar die Here — dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie. <sup>11</sup> As sy tog skei, laat sy ongetroud bly of haar met haar man versoen. 'n Man mag ook nie van sy vrou skei nie.\*

<sup>12</sup> Maar aan die ander sê ek — nie die Here nie: As 'n broer<sup>w</sup> 'n ongelowige vrou het wat instem om by hom te bly, moet hy nie van haar skei nie, <sup>13</sup> en 'n vrou met 'n ongelowige man wat instem om by haar te bly, moet nie van hom skei nie. <sup>14</sup> \*Die ongelowige man is immers deur sy gelowige vrou geheilig, en die ongelowige vrou is deur haar gelowige man geheilig; anders sou hulle kinders •onrein wees, maar nou is hulle heilig. <sup>15</sup> As die ongelowige egter wil skei, laat hy skei; in sulke gevalle is

---

<sup>v</sup>**7:5 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

\***7:7** Matt 19:11-12

\***7:9** Maar ... hulle trou: 1 Tim 5:14

\***7:10-11** dat 'n vrou ... van sy vrou skei nie: Matt 5:32; 19:9; Mark 10:11-12; Luk 16:18

<sup>w</sup>**7:12 broer:** Dui hier op 'n gelowige man.

\***7:14** Rom 11:16

die broer of suster<sup>x</sup> nie gebonde nie. God het julle egter geroep om in vrede te leef.\* <sup>16</sup> Want hoe weet jy, vrou, of jy nie jou man sal red nie?\* Of hoe weet jy, man, of jy nie jou vrou sal red nie?

### Lewenswyse volgens roeping

<sup>17</sup> Hoe ook al, laat elkeen leef in ooreenstemming met wat die Here aan hom toegedeel het, soos God elkeen geroep het.\* En so reël ek ook in al die •gemeentes. <sup>18</sup> Iemand wat besny was toe hy geroep is, moet dit nie ongedaan laat maak nie. Iemand wat onbesny was toe hy geroep is, moet hom nie laat besny nie. <sup>19</sup> \*Die besnydenis beteken nie iets nie, die onbesnedenheid beteken nie iets nie, maar wel die gehoorsaamheid aan God se gebooie. <sup>20</sup> Laat elkeen bly in die situasie<sup>y</sup> waarin hy was toe hy geroep is.<sup>z</sup> <sup>21</sup> Is jy geroep toe jy 'n slaaf was, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy tog kan vry word, maak ten alle koste daarvan gebruik. <sup>22</sup> Want die slaaf wat deur die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here;\* net so is die een wat as 'n vry mens geroep is, 'n slaaf van •Christus.\* <sup>23</sup> Julle is duur gekoop; moenie langer slawe van mense wees nie. <sup>24</sup> Broers,<sup>a</sup> laat elkeen voor God bly soos hy was toe hy geroep is.

### Oor ongetroudes

<sup>25</sup> Wat maagdelikheid betref, het ek nie 'n voorskrif van die Here nie,

---

<sup>x</sup>7:15 *broer of suster*: Dui hier op gelowiges.

<sup>\*</sup>7:15 *God ... leef*: Rom 14:9

<sup>\*</sup>7:16 *Want ... man sal red nie*: 1 Pet 3:1

<sup>\*</sup>7:17 *laat ... geroep het*: 1 Kor 7:20,24

<sup>\*</sup>7:19 Rom 2:25; Gal 5:6; 6:15

<sup>y</sup>7:20 *situasie*: Letterlik 'roeping'.

<sup>z</sup>7:20 *geroep is*: Verwys na die roeping tot geloof.

<sup>\*</sup>7:22 *Want ... van die Here*: Filem vs 16

<sup>\*</sup>7:22 *die een ... •Christus*: Ef 6:6; 1 Pet 2:16

<sup>a</sup>7:24 *Broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

maar ek gee my mening as iemand wat, as begenadigde van die Here, betroubaar is.\* <sup>26</sup> Weens die nood wat op hande is, meen ek dat dit vir 'n mens goed is om te bly soos jy is. <sup>27</sup> Is jy aan 'n vrou verbonde, moenie die band breek nie; is jy nie aan 'n vrou verbonde nie, moenie 'n vrou soek nie. <sup>28</sup> As jy egter trou, sondig jy nie, en as 'n maagd trou, sondig sy nie. Maar wie trou, sal in hierdie lewe swaarkry — en dit wil ek julle spaar.\*

<sup>29</sup> Wat ek bedoel, broers,<sup>b</sup> is dat die tyd kort geword het.\* Wie 'n vrou het, moet van nou af so wees asof hulle nie 'n vrou het nie; <sup>30</sup> wie huil, asof hulle nie huil nie; wie bly is, asof hulle nie bly is nie; wie koop, asof hulle nie besit nie <sup>31</sup> en wie betrokke is by die dinge van die wêreld, asof hulle nie betrokke is nie — want hierdie wêreld in sy huidige vorm is aan die verbygaan.\* <sup>32</sup> Trouens, ek wil hê julle moet onbesorg leef. Die ongetroude man is besorg oor die belange van die Here, hoe hy die Here kan behaag, <sup>33</sup> terwyl die getroude man besorg is oor die dinge van die wêreld, hoe om sy vrou te behaag; <sup>34</sup> sy aandag is dus verdeeld. Die ongetroude vrou en die maagd is besorg oor die belange van die Here, sodat sy na liggaam en gees geheilig kan wees. Die getroude vrou is egter besorg oor die dinge van die wêreld, hoe om haar man te behaag. <sup>35</sup> Ek sê dit vir julle beswil, nie om julle aan bande te lê nie,<sup>c</sup> maar ter wille van eerbaarheid en onverdeelde toewyding aan die Here.

<sup>36</sup> As iemand dink dat hy onbehoorlik teenoor sy maagd<sup>d</sup> optree,

---

\***7:25** *as iemand ... is:* 1 Tim 1:12-13

\***7:28** *Maar ... spaar:* Luk 21:23

<sup>b</sup>**7:29** *broers:* Vgl voetnoot in 1 Kor 7:24.

\***7:29** *die tyd ... geword het:* Rom 13:11

\***7:31** *want ... verbygaan:* 1 Joh 2:17

<sup>c</sup>**7:35** *aan ... lê nie:* Letterlik 'n strop aan te sit nie'.

<sup>d</sup>**7:36** *maagd:* Verwys na sy verloofde, die meisie met wie hy wil trou.

as sy begeerte te groot word,<sup>e</sup> en hy oordeel dat dit so moet wees, moet hy sy voorneme uitvoer — hy sondig nie; laat hulle trou.<sup>37</sup> Maar iemand wat in sy hart vas oortuig is — nie uit noodsaak nie, maar deur volle beheer oor sy wil — en in sy hart besluit om sy maagd te eerbiedig, tree reg op.<sup>38</sup> Daarom tree hy wat met sy maagd trou reg op, maar hy wat nie trou nie, sal beter optree.

<sup>39</sup> \*'n Vrou bly aan haar man verbind solank as wat hy leef; maar as haar man ontslaap<sup>f</sup> het, staan dit haar vry om te trou met wie sy wil, maar slegs as dit in verbondenheid aan die Here is.<sup>40</sup> \*Tog sal sy, na my mening, gelukkiger wees as sy bly soos sy is. En ek glo dat ook ek die Gees van God het.

## 8

### Oor afgode en offervleis

<sup>1</sup> Wat die afgodsoffers betref,<sup>\*</sup> stem ons saam: “Ons het almal kennis.”<sup>g</sup> Kennis maak verwaand, maar liefde bou op.<sup>2</sup> \*As iemand dink hy weet iets, is sy kennis nog nie soos dit behoort te wees nie.<sup>3</sup> \*Maar as iemand God liefhet, word hy deur Hom geken.<sup>4</sup> Wat die eet van afgodsoffers betref, weet ons: “Daar bestaan geen afgod in die wêreld nie,”<sup>h</sup> en “Daar bestaan geen god nie, behalwe Een.”<sup>i</sup> <sup>5</sup> Selfs al is daar inderdaad

---

<sup>e</sup>7:36 *as sy ... word*: Kan ook vertaal word “terwyl haar jeugdige leeftyd verbygaan”.

\*7:39 Rom 7:2-3

<sup>f</sup>7:39 *ontslaap*: Tegnieese term vir Christene wat sterf.

\*7:40 Rom 7:25

\*8:1 *Wat ... betref*: Hand 15:29

<sup>g</sup>8:1 *Ons ... kennis*: 'n Stelling waarna die Korinthiërs in hulle brief verwys.

\*8:2 Gal 6:3

\*8:3 Gal 4:9

<sup>h</sup>8:4 *Wat ... wêreld nie*: 'n Stelling in die brief van die Korinthiërs; vgl 1 Kor 10:19.

<sup>i</sup>8:4 *Daar bestaan geen god ... Een*: 'n Stelling in die brief van die Korinthiërs; vgl Deut 4:35,39; 6:4.

sogenaamde gode in die hemel of op die aarde, en net so ook baie “gode” en baie “here” —

<sup>6</sup> Vir ons egter is daar één God, die Vader,  
uit wie alles is\* en ons vir Hom,  
en één Here, Jesus •Christus,  
deur wie alles is en ons deur Hom.\*

<sup>7</sup> Maar nie almal het hierdie kennis nie. Sommige is nog so gewoon  
aan die afgod dat hulle steeds die vleis eet as 'n afgodsoffer, en hulle  
gewete, wat swak is, word besoedel. <sup>8</sup>\*Kos bring ons nie nader aan God  
nie. As ons nie sou eet nie, ly ons nie gebrek nie, en as ons sou eet, het  
ons nie oorvloed nie. <sup>9</sup>\*Pasop dat hierdie vryheid van julle nie vir die  
swakkes 'n struikelblok word nie. <sup>10</sup> Want as iemand jou wat die kennis  
het, in 'n afgodstempel aan tafel sien, sal hy nie, omdat sy gewete swak  
is, aangemoedig word om afgodsoffers te eet nie? <sup>11</sup>\*Dan gaan die  
swakke, 'n broer vir wie Christus gesterf het, verlore as gevolg van jou  
kennis. <sup>12</sup> Deur op dié manier teen die broers<sup>j</sup> te sondig en hulle swak  
gewetens te krenk, sondig julle teen Christus. <sup>13</sup>\*Daarom, as kos my  
broer laat struikel, sal ek beslis vir ewig nie weer vleis eet nie, sodat ek  
nie my broer laat struikel nie.

---

\*8:6 één God ... uit wie alles is: Mal 2:10; 1 Kor 12:6; Ef 4:6

\*8:6 één Here ... deur Hom: Joh 1:3; 1 Kor 12:5; Ef 4:5; Kol 1:16

\*8:8 Rom 14:17

\*8:9 Rom 14:13,15,21; Gal 5:13

\*8:11 Rom 14:15,20

<sup>j</sup>8:12 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*8:13 Rom 14:21

# 9

## Paulus se voorbeeld as apostel

<sup>1</sup> Is ek nie vry nie? Is ek nie 'n •apostel nie? Het ek dan nie Jesus, ons Here, gesien nie?\* Is julle nie my handewerk in die Here nie? <sup>2</sup> Al is ek nie vir ander 'n apostel nie, is ek dit tog vir julle, want julle is die waarmerk van my apostelskap in die Here.\* <sup>3</sup> My verweer teenoor diegene wat my kritiseer, is dit: <sup>4</sup>\* Het ons dan nie die reg om te eet en te drink nie? <sup>5</sup> Het ons nie ook die reg om 'n suster as vrou<sup>k</sup> saam op reis te neem, soos die ander apostels en die broers van die Here en Sefas<sup>l</sup> nie? <sup>6</sup> Of het net ek en Barnabas nie die reg om nie te werk nie? <sup>7</sup> Wie dien dan ooit op eie koste as soldaat? Wie plant ooit 'n wingerd en eet nie van sy vrugte nie? Of wie pas ooit 'n kudde op en geniet nie van die kudde se melk nie? <sup>8</sup> Ek sê dit nie net menslikerwys nie; sê die wet nie dieselfde nie? <sup>9</sup> Want in die •Wet van Moses staan geskryf: “Jy mag nie 'n os wat graan trap, muilband nie.”\* Is God nou besorg oor beeste <sup>10</sup> of sê Hy dit eintlik ter wille van ons? Ja, ter wille van ons is geskryf: “Wie ploeg, moet met verwagting ploeg en wie oes, moet oes met die verwagting om daarin te deel.”\* <sup>11</sup>\* As ons dan vir julle die geestelike saad gesaai het, is dit te veel gevra dat ons die materiële van julle mag oes? <sup>12</sup> As ander in hierdie aanspraak op julle deel, hoeveel te meer nie ons nie?

---

\***9:1** *Het ek ... gesien nie:* Hand 22:17-18; 26:16; 1 Kor 15:8

\***9:2** *julle is ... Here:* 2 Kor 3:2-3

\***9:4** Luk 10:8; 1 Kor 9:13-14

<sup>k</sup>**9:5** *suster as vrou:* Verwys na 'n gelowige vrou as eggenote.

<sup>l</sup>**9:5** *Sefas:* •Petrus se Aramese naam, dit beteken ‘rots’; Joh 1:42.

\***9:9** *Jy ... muilband nie:* Deut 25:4; 1 Tim 5:18

\***9:10** *Wie ploeg ... deel:* 2 Tim 2:6

\***9:11** Rom 15:27

Tog het ons nie van hierdie reg gebruik gemaak nie.\* Ons verdra eerder alles,\* sodat ons geen hindernis vir die evangelie van •Christus veroorsaak nie.<sup>13</sup> \*Weet julle nie dat hulle wat in die tempel werk, uit die •tempel eet en hulle wat die altaar bedien, 'n deel van die offerande kry nie?<sup>14</sup> \*So het die Here ook bepaal dat hulle wat die evangelie verkondig, uit die evangelie moet leef.<sup>15</sup> Maar ek het nie van een van hierdie regte gebruik gemaak nie,\* en ek skryf ook nie hierdie dinge sodat dit op my van toepassing moet wees nie. Ek sterf eerder as dat iemand my dié roem ontnem!<sup>16</sup> Want as ek die evangelie verkondig, is dit nie vir my rede om my daarop te beroem nie? Daar rus immers 'n verpligting op my, en ellende wag op my as ek nie die evangelie verkondig nie.\*<sup>17</sup> As ek dit uit vrye wil doen, is daar vir my beloning; as ek dit egter nie uit vrye wil doen nie, doen ek dit as 'n taak wat aan my toevertrou is.\*<sup>18</sup> Wat is my beloning dan? Dat ek deur my verkondiging die evangelie gratis aanbied, sonder om van die regte wat met die verkondiging saamgaan, ten volle gebruik te maak.

<sup>19</sup> Want hoewel ek vry is van almal, het ek almal se slaaf geword,\* om soveel mense as moontlik te wen.<sup>20</sup> Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword,\* om Jode te wen; vir diegene onder die wet,<sup>m</sup> soos iemand onder die wet — al staan ek self nie onder die wet nie — om diegene onder die

---

\***9:12** *Tog ... gemaak nie:* Hand 20:34-35; 2 Kor 11:9

\***9:12** *Ons verdra ... alles:* 1 Kor 13:7

\***9:13** Lev 6:16,26; Num 18:8,31; Deut 18:1-3

\***9:14** Matt 10:10; Luk 10:7; Gal 6:6

\***9:15** *Maar ... gemaak nie:* Hand 18:3

\***9:16** *Daar ... verkondig nie:* Jer 20:9

\***9:17** *taak ... toevertrou is:* 1 Kor 4:1

\***9:19** *het ek ... geword:* Matt 20:26-27

\***9:20** *Vir die ... Jood geword:* Hand 16:3; 21:20-26

<sup>m</sup>**9:20** *die wet:* Die Tora, die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

wet te wen. <sup>21</sup> Vir diegene sonder die wet, het ek soos iemand sonder die wet geword\* — al is ek nie sonder die wet van God nie, maar juis onder die wet van Christus — om hulle wat sonder die wet is, te wen. <sup>22</sup> Vir die swakkes het ek swak geword,\* om die swakkes te wen; vir almal het ek alles geword, sodat ek ten minste sommige kan red.\* <sup>23</sup> Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ook ek daarin mag deel.

<sup>24</sup> Weet julle nie dat die atlete wat in 'n stadion aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle dit ontvang.\* <sup>25</sup> Almal wat deelneem, pas in alle opsigte dissipline toe\* — hulle nogal om 'n verganklike oorwinningskrans te ontvang, maar ons 'n onverganklike.\* <sup>26</sup> Ek hardloop daarom só dat dit nie doelloos is nie; ek boks só dat ek nie in die lug slaan nie. <sup>27</sup> Maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit diensbaar,\* sodat ek nie terwyl ek vir ander gepreek het, dalk self gediskwalifiseer word nie.

## 10

### Israel as waarskuwing

<sup>1</sup> Broers,<sup>n</sup> ek wil nie hê julle moet hieroor onkundig wees nie: Ons voorouers was almal onder die wolk\* en het almal deur die see gegaan,\* <sup>2</sup> en in verbondenheid met Moses is almal in die wolk en in die see

---

\* **9:21** *Vir ... wet geword:* Gal 2:3

\* **9:22** *Vir die ... swak geword:* 2 Kor 11:29

\* **9:22** *sodat ... red:* Rom 11:14

\* **9:24** *Hardloop dan ... dit ontvang:* Fil 3:14; 2 Tim 4:7

\* **9:25** *Almal ... toe:* 2 Tim 2:4-5

\* **9:25** *maar ... onverganklike:* 2 Tim 4:8; Jak 1:12; 1 Pet 5:4

\* **9:27** *ek dissiplineer ... diensbaar:* Rom 8:13; 13:14

<sup>n</sup>**10:1** **Broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\* **10:1** *Ons ... wolk:* Eks 13:21-22

\* **10:1** *het ... gegaan:* Eks 14:22-29



gedoop, <sup>3</sup>\* en almal het dieselfde geestelike kos geëet, <sup>4</sup> en almal het dieselfde geestelike drank gedrink. Want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat hulle gevolg het\* — en die rots was •Christus.

<sup>5</sup>\*Nogtans het God in die meeste van hulle nie 'n behae gehad nie, want hulle liggame is in die woestyn<sup>o</sup> verstrooi. <sup>6</sup> Hierdie dinge het gebeur as 'n voorbeeld vir ons,\* sodat ons nie na bouse dinge sal hunker soos hulle ook gehunker het nie.\* <sup>7</sup> Moenie afgodedienaars wees soos sommige van hulle nie; daar staan immers geskryf: “Die volk het gaan sit om te eet en te drink en opgestaan om te speel.”\* <sup>8</sup> Laat ons dan nie onsedelik optree, soos sommige van hulle onsedelik opgetree het nie — daar het op een dag drie-en-twintigduisend gesterf.\* <sup>9</sup>\* Laat ons nie vir Christus beproef soos sommige van hulle Hom beproef het nie — hulle is deur slange doodgemaak. <sup>10</sup>\* En moenie mor soos sommige van hulle gemor het nie — hulle is deur die vernietiger\* uitgedelg. <sup>11</sup> Dit het met daardie mense as voorbeeld gebeur\* en is as waarskuwing neergeskryf vir ons wat in die eindtyd verkeer.\* <sup>12</sup> Daarom moet hy wat dink hy staan, oppas dat hy nie

---

\*10:3 Eks 16:4,35; Deut 8:3; Ps 78:24-29

\*10:4 *almal ... gevolg het*: Eks 17:6; Num 20:11; Ps 78:15

\*10:5 Num 14:16,23,29-30; Ps 78:31; Heb 3:17; Jud vs 5

<sup>o</sup>10:5 **woestyn**: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

\*10:6 *Hierdie ... vir ons*: 1 Kor 10:11

\*10:6 *soos ... het nie*: Num 11:4,34; Ps 106:14

\*10:7 *Die volk ... speel*: Eks 32:6

\*10:8 *sommige ... gesterf*: Num 25:1,9

\*10:9 Num 21:5-6

\*10:10 Num 14:2,36; 16:41-49; Ps 106:25-27; Heb 3:11,17

\*10:10 **vernietiger**: Eks 12:23; 1 Kor 5:5

\*10:11 *Dit ... gebeur*: 1 Kor 10:6

\*10:11 *vir ons ... verkeer*: 1 Pet 4:7

val nie! <sup>13</sup> Geen versoeking het oor julle gekom behalwe 'n menslike een nie. God is egter getrou.\* Hy sal nie toelaat dat julle bo julle vermoë versoek word nie, maar sal saam met die versoeking ook uitkoms gee, sodat julle dit kan verduur.

<sup>14</sup>\* Daarom, my geliefdes, vlug weg van die afgodediens! <sup>15</sup> Ek praat soos met verstandige mense; oordeel self oor wat ek sê: <sup>16</sup>\* Die beker van danksegging waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van •Christus nie? Die brood wat ons breek,\* is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie? <sup>17</sup> Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam,\* want ons het almal deel aan die een brood. <sup>18</sup> Kyk na die volk Israel: Het diegene wat van die offers eet, dan nie deel aan die altaar nie?\* <sup>19</sup>\* Wat bedoel ek hiermee? Dat 'n afgodsoffer tog iets is, of dat 'n afgod iets is? <sup>20</sup> Nee, maar wat hulle offer, offer hulle aan demone, nie aan God nie\* — en ek wil nie hê dat julle aan demone deel moet hê nie. <sup>21</sup>\* Julle kan nie die beker van die Here drink én die beker van demone nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here én aan die tafel van demone nie. <sup>22</sup> Of is ons besig om die Here jaloers te maak?\* Is ons dan sterker as Hy?

---

\* **10:13** *God ... getrou:* Deut 7:9; 1 Kor 1:9; 1 Thess 5:24

\* **10:14** 1 Joh 5:21

\* **10:16** Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19-20

\* **10:16** *Die brood ... breek:* Hand 2:42

\* **10:17** *is ons ... liggaam:* Rom 12:5; 1 Kor 12:27; Ef 4:16; Kol 3:15

\* **10:18** *Het ... altaar nie:* Lev 7:6,15

\* **10:19** 1 Kor 8:4

\* **10:20** *offer hulle aan ... God nie:* Deut 32:17; Ps 106:37; Bar 4:7; Op 9:20

\* **10:21** Mal 1:7,12; 2 Kor 6:15-16

\* **10:22** *is ons besig ... maak:* Deut 32:21

## Christelike vryheid

<sup>23</sup> “Alles is geoorloof”<sup>p</sup> — ja, maar nie alles is nuttig nie. “Alles is geoorloof” — ja, maar nie alles is opbouend nie. <sup>24</sup> \*Niemand moet sy eie belang soek nie, maar dié van ander. <sup>25</sup> Enigiets wat op die vleismark verkoop word, mag julle eet sonder om vrae te stel ter wille van die gewete, <sup>26</sup> \*want “die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here”. <sup>27</sup> \*Indien een van die ongelowiges julle nooi en julle wil gaan, eet enigiets wat vir julle voorgesit word, sonder om vrae te stel ter wille van die gewete. <sup>28</sup> \*Maar as iemand vir julle sê: “Dit is 'n gode-offer dié,” moet julle dit nie eet nie, ter wille van die een wat julle ingelig het, en die gewete. <sup>29</sup> Hiermee bedoel ek nie jónu gewete nie, maar dié van die ander. Waarom word my vryheid dan beoordeel deur 'n ander se gewete? <sup>30</sup> \*As ek met dankbaarheid saam eet, waarom word ek belaster oor iets waarvoor ek dank? <sup>31</sup> \*Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God.

<sup>32</sup> \*Julle moenie vir Jode of Grieke<sup>q</sup> of die •gemeente van God 'n struikelblok wees<sup>r</sup> nie. <sup>33</sup> \*Net soos ek ook probeer om alle mense in alle opsigte in ag te neem, en om nie my eie voordeel na te streef nie, maar dié van die meerderheid sodat hulle verlos mag word.

---

<sup>p</sup>10:23 *Alles is geoorloof*: 'n Bekende spreuk uit daardie tyd; vgl 1 Kor 6:12.

\*10:24 Rom 15:2

\*10:26 Ps 24:1; 50:12; 89:12

\*10:27 Luk 10:8

\*10:28 1 Kor 8:7

\*10:30 1 Tim 4:4

\*10:31 Kol 3:17

\*10:32 Rom 14:13

<sup>q</sup>10:32 *Grieke*: 'n Term vir alle nie-Jode.

<sup>r</sup>10:32 *struikelblok wees*: Of “aanstoot gee”.

\*10:33 1 Kor 9:20-22

# 11

<sup>1</sup> \*Volg my voorbeeld,<sup>s</sup> soos ek die voorbeeld van •Christus volg.

## Optrede in die erediens

<sup>2</sup> Ek prys julle omdat julle altyd aan my dink en omdat julle vashou aan die tradisies soos ek dit aan julle oorgelewer het. <sup>3</sup> Maar ek wil hê julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man,<sup>\*</sup> die man die hoof van die vrou,<sup>\*</sup> en God die hoof van Christus.<sup>\*</sup> <sup>4</sup> Elke man wat met 'n bedekking op sy kop bid of profeteer,<sup>t</sup> doen sy hoof oneer aan. <sup>5</sup> En elke vrou wat met 'n onbedekte kop bid of profeteer, doen haar hoof oneer aan — want dit is presies dieselfde asof haar kop geskeer is. <sup>6</sup> Want as 'n vrou nie haar kop bedek nie, moet sy ook maar haar hare kort afsny. As dit vir haar 'n skande is om haar hare kort te sny of haar kop kaal te skeer, moet sy haar kop bedek. <sup>7</sup> 'n Man behoort nie sy kop te bedek nie, omdat hy die beeld en sieraad van God is,<sup>\*</sup> terwyl die vrou die sieraad van die man is. <sup>8</sup> \*Want die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man; <sup>9</sup> \*en die man is nie ter wille van die vrou geskep nie, maar die vrou ter wille van die man. <sup>10</sup> Daarom moet die vrou, ter wille van die engele, 'n teken van gesag op haar kop hê. <sup>11</sup> Nogtans, bestaan 'n vrou nie apart van 'n man nie en 'n man nie apart van 'n vrou nie — in

---

\* **11:1** 1 Kor 4:16; Fil 3:17

<sup>s</sup>**11:1** *volg my voorbeeld*: Letterlik 'Wees my nabootsers'.

\* **11:3** *Christus die ... elke man*: Ef 5:23

\* **11:3** *die man ... vrou*: Gen 3:16; Ef 5:23

\* **11:3** *en God ... van Christus*: 1 Kor 3:23

<sup>t</sup>**11:4** *profeteer*: Dit beteken hier om God se wil verstaanbaar bekend te maak; vgl 2 Kon 17:13.

\* **11:7** *omdat ... God is*: Gen 1:27; 5:1; 9:6; Wys 2:23; Jak 3:9

\* **11:8** Gen 2:21-23; 1 Tim 2:13

\* **11:9** Gen 2:18

die Here; <sup>12</sup> want soos die vrou daar is uit die man, so ook is die man daar deur die vrou. Maar alle dinge kom<sup>u</sup> van God. <sup>13</sup> Oordeel julle self onder mekaar: Is dit gepas vir 'n vrou om met 'n onbedekte kop tot God te bid? <sup>14</sup> Leer juis die natuurlike orde julle nie dat as 'n man sy hare lank dra, dit vir hom 'n oneer is, <sup>15</sup> maar as 'n vrou haar hare lank dra, dit vir haar 'n eer is nie? Want lang hare is vir haar as 'n bedekking gegee. <sup>16</sup> As iemand egter twisgierig wil wees — ons het nie so 'n gewoonte nie, en die ander •gemeentes van God ook nie.

### Voorskrifte oor die Nagmaal

<sup>17</sup> In my volgende voorskrif prys ek julle nie aan nie, dat wanneer julle bymekaarkom, dit meer kwaad as goed doen. <sup>18</sup> Allereers hoor ek dat wanneer julle as •gemeente saamkom, daar verdeling onder julle is\* — en in 'n mate glo ek dit, <sup>19</sup> want daar moet onvermydelik groeperings onder julle kom, sodat dit duidelik kan word wie die beproefdes onder julle is.\* <sup>20</sup> Wanneer julle saamkom, is dit nie werklik om die Here se maaltyd te eet nie, <sup>21</sup> want elkeen gaan voort om sy eie maaltyd te eet, en een bly honger en 'n ander word dronk. <sup>22</sup> Het julle dan nie huise waar julle kan eet en drink nie? Of minag julle die gemeente van God en verneder julle diegene wat niks het nie?\* Wat kan ek vir julle sê? Sal ek julle prys? Oor hierdie saak prys ek julle nie.

<sup>23</sup> \*Ek het van die Here ontvang, wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem, <sup>24</sup> en

---

<sup>u</sup>**11:12 *daar is ... kom:*** In die •bronteks is daar geen werkwoorde in 1 Kor 11:12 nie.

\* **11:18 *hoor ... julle is:*** 1 Kor 1:10-12; 3:3

\* **11:19 *sodat ... julle is:*** Deut 13:3; 1 Joh 2:19

\* **11:22 *verneder ... niks het nie:*** Jak 2:5-6

\* **11:23-25** Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19-20

nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam — ter wille van julle. Doen dit om My in herinnering te bring.”<sup>v</sup> <sup>25</sup> So ook met die beker ná die ete, met die woorde: “Hierdie beker is die nuwe verbond\* deur my bloed.\* Doen dit, so dikwels as wat julle daaruit drink, om My in herinnering te bring.” <sup>26</sup> \*Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

<sup>27</sup> \*Daarom, wie op onwaardige wyse die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees teenoor die liggaam en die bloed van die Here. <sup>28</sup> Maar laat elkeen homself ondersoek\* en daarvolgens van die brood eet en uit die beker drink. <sup>29</sup> Want die een wat eet en drink sonder om die liggaam van die Here daarin te onderskei, is besig om 'n oordeel oor homself te eet en te drink. <sup>30</sup> Daarom is daar onder julle baie swakkes en siekes, en 'n hele paar het reeds ontslaap.<sup>w\*</sup> <sup>31</sup> Indien ons onself deeglik sou beoordeel, sou ons nie geoordeel word nie. <sup>32</sup> \*As ons deur die Here geoordeel word, word ons gedissiplineer, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie.

<sup>33</sup> Daarom, my broers,<sup>x</sup> wag vir mekaar wanneer julle saamkom om te eet. <sup>34</sup> As iemand honger is, laat hy tuis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor

---

<sup>v</sup>**11:24 Dit is ... bring:** Ander mss en vroeë vertalings voeg aan die begin van die aanhaling in “Neem, eet,” soos in Matt 26:26.

\* **11:25 die nuwe verbond:** Eks 24:8; Jer 31:31; 32:40; 2 Kor 3:6; Heb 8:8-13

\* **11:25 verbond ... bloed:** Eks 24:6-8; Sag 9:11

\* **11:26** Matt 26:29

\* **11:27** Heb 10:29

\* **11:28 Maar ... ondersoek:** Matt 26:22; 2 Kor 13:5

<sup>w</sup>**11:30 ontslaap:** Tegnieese term vir Christene wat sterf.

\* **11:30 'n hele ... ontslaap:** Hand 7:60; 1 Kor 15:20; Ef 5:14; 1 Thess 5:6

\* **11:32** Heb 12:5-6

<sup>x</sup>**11:33 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

julle bring wanneer julle saamkom nie. Die oorblywende sake sal ek reël sodra ek kom.

## 12

### Baie gawes maar een liggaam

<sup>1</sup> Wat die gawes van die Gees betref, broers,<sup>y</sup> wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. <sup>2</sup> Julle weet dat toe julle heidene was, julle dikwels na die stom afgode meegevoer is, op watter manier julle ook al daartoe verlei is. <sup>3</sup> Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê: “Vervloek is Jesus!” nie, en niemand kan sê: “Die Here is Jesus!” behalwe deur die Heilige Gees nie.

<sup>4</sup> Daar is 'n verskeidenheid genadegawes,<sup>\*</sup>  
maar dit is dieselfde Gees;<sup>\*</sup>

<sup>5</sup> en daar is 'n verskeidenheid dienste<sup>\*</sup>  
maar dit is dieselfde Here;

<sup>6</sup> en daar is 'n verskeidenheid aktiwiteite  
maar dit is dieselfde God  
wat al hierdie dinge in almal bewerk.

<sup>7</sup> Aan elkeen egter word die openbaring van die Gees gegee, met die oog op wat bevorderlik is:<sup>\*</sup>

<sup>8</sup> Aan een word 'n woord van wysheid deur die Gees gegee,  
aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees;

---

<sup>y</sup>12:1 **broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>\*</sup>12:4 *Daar ... genadegawes:* Rom 12:6

<sup>\*</sup>12:4 *maar ... Gees:* Ef 4:4

<sup>\*</sup>12:5 *daar ... dienste:* Ef 4:11

<sup>\*</sup>12:7 *wat ... is:* 1 Kor 14:26; Ef 4:12

<sup>9</sup> aan een geloof deur dieselfde Gees,  
aan 'n ander gawes van genesing deur die één Gees;  
<sup>10</sup> aan een dinamiese kragte,  
aan 'n ander weer die gawe van profesie;  
aan een die onderskeiding van geeste,  
aan 'n ander verskillende soorte tale\*  
en aan nog 'n ander die uitleg van tale.

<sup>11</sup> Een en dieselfde Gees bewerkstellig al hierdie dinge, wat Hy aan  
elkeen afsonderlik uitdeel volgens sy wil.\*

<sup>12</sup> Want soos die liggaam 'n eenheid is maar uit baie ledemate bestaan,  
en al die ledemate van die liggaam, alhoewel hulle baie is, een liggaam  
vorm,\* so is dit ook met Christus. <sup>13</sup> En ons is tog álmal deur die een Gees  
in een liggaam in gedoop — Jode of Grieke, slawe of vrymense\* — en ons  
is almal met een Gees deurdrenk. <sup>14</sup> Inderdaad, die liggaam bestaan nie  
uit een ledemaat nie, maar uit baie.

<sup>15</sup> As die voet sou sê:

“Omdat ek nie 'n hand is nie,  
behoort ek nie aan die liggaam nie,”  
behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?

<sup>16</sup> En as die oor sou sê:

“Omdat ek nie 'n oog is nie,  
behoort ek nie aan die liggaam nie,”  
behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?

---

\* **12:10** *aan 'n ander verskillende ... tale:* Hand 2:4; 1 Kor 14:5

\* **12:11** *wat Hy ... wil:* Rom 12:3; 1 Kor 7:7; Ef 4:7

\* **12:12** *die liggaam 'n ... vorm:* Rom 12:4-5; 1 Kor 10:17

\* **12:13** *ons is tog ... vrymense:* Gal 3:28



<sup>17</sup> As die ganse liggaam oog was,  
waar sou die gehoor wees?  
As alles gehoor was,  
waar sou die reuk wees?

<sup>18</sup> Maar nou het God die ledemate, elke enkele een van hulle, in die liggaam geplaas volgens sy besluit. <sup>19</sup> As alles een ledemaat was, waar sou die liggaam wees? <sup>20</sup> Maar nou is daar wel baie ledemate, maar net een liggaam. <sup>21</sup> Die oog kan tog nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie,” of die kop weer vir die voete: “Ek het julle nie nodig nie.”

<sup>22</sup> Inteendeel, die oënskynlik swakker liggaamsdele is baie meer noodsaaklik <sup>23</sup> en daardie dele van die liggaam wat ons as minder eerbaar beskou, klee ons met meer as die gewone eer, en die minder elegante dele met meer elegansie, <sup>24</sup> terwyl ons meer elegante dele dit nie nodig het nie. Maar God het die liggaam so saamgestel dat Hy meer respek toegewys het aan die deel wat dit die meeste nodig het, <sup>25</sup> sodat daar nie verdeeldheid\* in die liggaam sal wees nie, maar die ledemate in gelyke mate vir mekaar sal sorg. <sup>26</sup> As een ledemaat ly, ly al die ledemate saam; as een ledemaat vereer word, is al die ledemate saam bly.

<sup>27</sup> \*Julle is die liggaam van •Christus en elkeen individueel 'n ledemaat.

<sup>28</sup> In die •gemeente het God aangewys: eerstens •apostels, tweedens •profete, derdens leraars;\* daarna kragtige vermoëns, sowel as gawes van genesing, vermoëns om te kan help, om te lei, en verskillende soorte tale. <sup>29</sup> Is almal dan apostels? Is almal dan profete, of almal leraars? Het almal miskien kragtige vermoëns? <sup>30</sup> Het almal miskien gawes van genesing?

---

\* **12:25** *verdeeldheid*: 1 Kor 1:10

\* **12:27** Rom 12:5; Ef 5:30

\* **12:28** *In die •gemeente ... leraars*: Ef 4:11-12

Spreek almal dalk in tale? Kan almal dit dalk uitlê? <sup>31</sup> \* Julle lê julle toe op die belangriker genadegawes, maar ek wys julle die heel beste weg.

## 13

### Lied van die liefde

<sup>1</sup> Al praat ek die tale van mense en engele,  
maar ek het nie liefde nie,  
dan het ek 'n weergalmende ghong<sup>z</sup>  
of 'n kletterende simbaal geword.

<sup>2</sup> En al profeteer ek  
en begryp ek alle geheime  
en besit ek alle kennis,  
en al het ek al die geloof om berge te versit,<sup>\*</sup>  
maar ek het nie liefde nie, is ek niks!

<sup>3</sup> Al deel ek al my besittings uit<sup>\*</sup>  
en gee ek my liggaam oor  
sodat ek my daarop kan beroem,<sup>a</sup>  
maar ek het nie liefde nie, baat dit my niks.

<sup>4</sup> Liefde bly geduldig,  
liefde gee om,  
liefde is nie jaloers nie,

---

\*12:31 1 Kor 14:1

<sup>z</sup>13:1 **ghong**: Verwys moontlik na akoestiese vase van brons wat in teaters gebruik is.

\*13:2 *het ek al ... versit*: Matt 17:20; 21:21; Mark 11:23

\*13:3 *deel ... uit*: Matt 6:2

<sup>a</sup>13:3 **gee ... beroem**: Sommige mss lui “gee ek my liggaam oor om verbrand te word”.

spog nie en is nie verwaard nie.

<sup>5</sup> Liefde tree nie onbehoorlik op nie,  
jaag nie eiebelang na nie,\*  
is nie liggeraak nie.

Dit hou nie boek van die kwaad nie,\*  
<sup>6</sup> \*is nie bly oor onreg nie,  
maar is saam bly oor die waarheid.

<sup>7</sup> Dit bedek alles,\* glo alles,  
hoop alles, verduur alles.\*

<sup>8</sup> Liefde faal nooit nie.

Maar profesieë — sal tot 'n einde kom;  
of tale — sal ophou;  
of kennis — sal tot niet gaan.

<sup>9</sup> Want ons ken gedeeltelik  
en ons profeteer gedeeltelik,

<sup>10</sup> maar wanneer die volmaakte gekom het,  
sal wat gedeeltelik is, ophou bestaan.

<sup>11</sup> Toe ek nog 'n kind was,  
het ek gepraat soos 'n kind,  
gedink soos 'n kind,  
geredeneer soos 'n kind.

Noudat ek volwasse is,  
het ek die dinge van 'n kind agtergelaat.

---

\* **13:5** jaag ... na nie: Fil 2:4

\* **13:5** Dit ... kwaad nie: Sag 8:17

\* **13:6** Rom 12:9

\* **13:7** bedek alles: Spr 10:12; Rom 15:1; 1 Pet 4:8

\* **13:7** verduur alles: 1 Kor 9:12

<sup>12</sup> Nou sien ons wel 'n geheimenisvolle beeld soos in 'n spieël,<sup>b\*</sup>  
maar eendag van aangesig tot aangesig.

Nou ken ek slegs gedeeltelik,  
maar eendag sal ek ten volle ken soos ek ten volle geken is.

<sup>13</sup> En nou bly geloof, hoop en liefde,<sup>\*</sup>  
hierdie drie —  
maar die grootste hiervan is die liefde.<sup>\*</sup>

## 14

### Profesie en spreek in tale

<sup>1</sup> Jaag die liefde na, en streef na die gawes van die Gees,<sup>\*</sup> veral om te profeteer.<sup>c</sup>

<sup>2</sup> Die een wat in tale spreek, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie; deur die Gees praat hy verborgenhede. <sup>3</sup> Die een wat profeteer, praat egter wel met mense om hulle op te bou, te bemoedig en te vertroos. <sup>4</sup> Die een wat in tale spreek, bou homself op, terwyl die een wat profeteer die •gemeente opbou. <sup>5</sup> Ek wil hê dat julle almal in tale spreek, maar meer nog dat julle profeteer.<sup>\*</sup> Die een wat profeteer, is van groter waarde as die een wat in tale spreek, tensy hy dit kan uitlê, sodat die gemeente daardeur opgebou kan word.

---

<sup>b</sup>**13:12 spieël:** Destydse spieëls was van gepoleerde metaal, maar die spieëlbeeld wat hulle gereflekteer het, was nooit heeltemal helder nie.

<sup>\*</sup>**13:12** *Nou ... spieël:* 2 Kor 5:7; Jak 1:23

<sup>\*</sup>**13:13** *En nou ... en liefde:* 1 Thess 1:3

<sup>\*</sup>**13:13** *maar ... die liefde:* 1 Joh 4:16

<sup>\*</sup>**14:1** *streef ... Gees:* 1 Kor 12:31; 14:39

<sup>c</sup>**14:1 profeteer:** Dit beteken hier om God se wil verstaanbaar bekend te maak; Deut 18:18; vgl 2 Kon 17:13.

<sup>\*</sup>**14:5** *meer ... julle profeteer:* Num 11:29

<sup>6</sup> Broers,<sup>d</sup> as ek dan nou na julle kom en in tale spreek, watter nut het ek vir julle, tensy ek tot julle voordeel 'n openbaring of 'n insig of 'n profesie of 'n lering meedeel? <sup>7</sup> Dit sal wees soos lewelose dinge wat klank voortbring, 'n fluit of 'n lier. As dit nie onderskeibare klanke voortbring nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of die lier gespeel word? <sup>8</sup> As 'n trompet 'n onduidelike klank voortbring, wie sal gereedmaak vir oorlog? <sup>9</sup> So ook julle — as julle tonge nie 'n duidelik verstaanbare boodskap oordra nie, hoe sal enigiemand verstaan wat daar gesê word? Want julle sal in die wind praat. <sup>10</sup> Daar mag hoeveel verskillende tale in die wêreld wees en tog is nie een sonder klank nie. <sup>11</sup> As ek nie die betekenis van die klank ken nie, sal ek vir die spreker daarvan 'n •vreemdeling wees, en hy vir my. <sup>12</sup> So ook met julle. Aangesien julle julle beywer vir die gawes van die Gees, streef daarna om uit te munt met die oog op die opbou van die gemeente.

<sup>13</sup> Daarom moet die een wat in tale spreek, bid dat hy dit kan uitlê.

<sup>14</sup> Want as ek in 'n taal bid, bid my gees wel, maar my verstand is onvrugbaar. <sup>15</sup> Wat is dan die slotsom? Ek sal deur die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid; ek sal deur die gees lofsange sing,\* maar ek sal ook met die verstand lofsange sing. <sup>16</sup> Want as mens net in die gees 'n lofprysing bring, hoe sal iemand in die posisie van 'n oningelige “•amen” kan sê op jou danksegging, aangesien hy nie verstaan wat jy sê nie? <sup>17</sup> Jy mag wel goed dank betuig, maar dit dien nie tot opbou van die ander persoon nie. <sup>18</sup> Ek dank God dat ek selfs meer as julle almal in tale spreek. <sup>19</sup> Maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand praat om ook ander te kan onderrig, as om duisende woorde in 'n onverstaanbare taal te praat.

---

<sup>d</sup>14:6 **Broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*14:15 *gees ... sing:* Ef 5:19

<sup>20</sup> Broers,<sup>e</sup> moenie kinders wees in julle denke nie;<sup>\*</sup> wees wel klein kindertjies wat die kwaad betref, maar volwassenes in julle denke.\*

<sup>21</sup> In die Wet<sup>f</sup> staan geskryf:

“in vreemde tale  
en deur die lippe van vreemdes  
sal ek met hierdie volk praat,  
en selfs dan sal hulle nie na My luister nie,”\*

sê die Here. <sup>22</sup> Hiervolgens is die spreek in tale 'n teken, nie vir gelowiges nie, maar vir ongelowiges, terwyl profesie nie vir ongelowiges is nie, maar vir gelowiges. <sup>23</sup> \*As die hele gemeente dan op een plek vergader en almal in tale spreek, en daar kom oningeligtes of ongelowiges binne, sal hulle nie sê, “Julle is van julle sinne beroof” nie? <sup>24</sup> Maar indien almal profeteer en 'n ongelowige of 'n oningelige persoon kom binne, word hy deur almal tot insig gebring en tot verantwoording geroep.\* <sup>25</sup> Die geheime van sy hart word blootgelê en hy sal met sy gesig op die grond val, God aanbid en erken: “Werklik, God is in julle midde.”\*

---

<sup>e</sup>14:20 **Broers:** Vgl voetnoot in 1 Kor 14:6.

\*14:20 *moenie kinders ... denke nie:* Ef 4:14

\*14:20 *maar volwassenes ... denke:* Fil 3:15

<sup>f</sup>14:21 **Wet:** Verwys hier na die Skrifte van die Ou Testament.

\*14:21 *in vreemde ... luister nie:* Jes 28:11-12; Deut 28:49

\*14:23 Hand 2:13

\*14:24 *tot verantwoording geroep:* Joh 16:8

\*14:25 *Werklik ... midde:* Jes 45:14; Dan 2:47; Sag 8:23; Joh 4:19

## Goeie orde in die samekomste

<sup>26</sup> Wat volg hieruit, broers?<sup>8</sup> Wanneer julle saamkom, het elkeen 'n psalm, 'n lering, 'n openbaring, 'n taal of 'n uitleg.\* Laat alles steeds tot opbou geskied.\* <sup>27</sup> Wanneer iemand in 'n taal spreek, laat dit verkieslik net twee of drie sprekers wees, om die beurt, en laat iemand dit uitleg;<sup>28</sup> maar as daar nie iemand is wat dit kan uitleg nie, laat hy in die •gemeente swyg. Laat hy met homself en met God praat. <sup>29</sup> Laat twee of drie profete praat en die ander dit sorgvuldig beoordeel.\* <sup>30</sup> Indien 'n openbaring gemaak is aan een van die ander wat daar sit, laat die vorige spreker swyg. <sup>31</sup> Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal onderrig en bemoedig kan word. <sup>32</sup> Die geeste van profete is aan profete onderworpe. <sup>33</sup> Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede. So hoort dit in al die gemeentes van die •heiliges.

<sup>34</sup> Laat die vroue in die gemeentes swyg, want hulle word nie toegelaat om te praat nie maar moet hulleself onderwerp, soos die wet ook sê.\* <sup>35</sup> Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hulle eie mans daarvoor uitvra, want dit is 'n skande vir 'n vrou om in die gemeente te praat.

<sup>36</sup> Is die woord van God van julle afkomstig? Of het dit slegs julle bereik? <sup>37</sup> As enigeen meen dat hy 'n profeet is of dat hy geestelik is, behoort hy die dinge wat ek aan julle skryf as 'n opdrag van die Here\* te erken. <sup>38</sup> Maar enigeen wat dit misken, word misken.

<sup>39</sup> Daarom, my broers,<sup>h</sup> beywer julle om te profeteer en moenie die

---

<sup>8</sup>14:26 *broers*: Vgl voetnoot in 1 Kor 14:6.

\*14:26 *Wanneer ... uitleg*: 1 Kor 11:18; 12:8-10

\*14:26 *Laat ... geskied*: Ef 4:12

\*14:29 *die ander ... beoordeel*: Hand 17:11; 1 Thess 5:21

\*14:34 *maar moet hulleself ... sê*: Gen 3:16; 1 Kor 11:3; Ef 5:22; 1 Tim 2:12; Tit 2:5

\*14:37 *die dinge ... Here*: 1 Joh 4:6

<sup>h</sup>14:39 *broers*: Vgl voetnoot in 1 Kor 14:6.

spreek in tale belet nie. <sup>40</sup> \*Laat alles egter gepas en ordelik verloop.

## 15

### Opwekking van Christus

<sup>1</sup> Broers,<sup>i</sup> ek herinner julle aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het en waarin julle ook vasstaan;

<sup>2</sup> waardeur julle ook verlos word, mits julle vashou aan die evangeliewoord wat ek aan julle verkondig het — tensy julle vergeefs tot geloof gekom het. <sup>3</sup> Want die wesenlike wat ek ontvang en ook aan julle oorgelewer het, is:

•Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte,<sup>j</sup>

<sup>4</sup> Hy is begrawe en op die derde dag opgewek volgens die Skrifte,<sup>k</sup>

<sup>5</sup> en Hy het aan Sefas<sup>l</sup> verskyn,<sup>\*</sup> en toe aan die twaalf.<sup>\*</sup>

<sup>6</sup> Daarna het Hy aan meer as vyfhonderd broers tegelyk verskyn, van wie die meeste nou nog leef maar sommige al ontslaap<sup>m</sup> het. <sup>7</sup> Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die •apostels.<sup>\*</sup> <sup>8</sup> \*As die laaste van almal het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn. <sup>9</sup> Want ek is die geringste van die apostels,<sup>\*</sup> nie geskik om 'n apostel genoem te word nie,

---

\* 14:40 1 Kor 14:33; Kol 2:5

<sup>i</sup>15:1 *Broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>j</sup>15:3 *Christus ... Skrifte*: Verwys na Jes 53:8-9 as heenwysing na Jesus Christus.

<sup>k</sup>15:4 *op die ... Skrifte*: Verwys na Ps 16:10; Hos 6:2; Jona 1:17 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Matt 12:40; Hand 2:24-32.

<sup>l</sup>15:5 *Sefas*: •Petrus se Aramese naam, dit beteken 'rots'; Joh 1:42.

\* 15:5 *en Hy ... verskyn*: Luk 24:34

\* 15:5 *die twaalf*: Matt 28:16-17; Mark 16:14; Luk 24:36; Joh 20:19

<sup>m</sup>15:6 *ontslaap*: Tegnieese term vir Christene wat sterf.

\* 15:7 *aan ... apostels*: Luk 24:50

\* 15:8 Hand 9:3-6; 1 Kor 9:1

\* 15:9 *Want ... apostels*: Ef 3:8; 1 Tim 1:15; Matt 5:19



omdat ek die •gemeente van God vervolg het.\* <sup>10</sup> Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie vergeefs nie;\* intendeel, ek het baie harder gewerk as al die ander\* — eintlik nie ek nie, maar die genade van God wat met my is. <sup>11</sup> Daarom, of dit ek of hulle is, dit is wat ons verkondig en daarvolgens het julle tot geloof gekom.

### Opstanding van die dooies

<sup>12</sup> Maar as Christus verkondig word, dat Hy uit die dood opgewek is, waarom sê sommige van julle dat daar nie 'n opstanding van dooies is nie? <sup>13</sup> As daar geen opstanding van dooies is nie, is Christus ook nie opgewek nie. <sup>14</sup> En as Christus nie opgewek is nie, is ons verkondiging sinloos, en ook julle geloof sinloos. <sup>15</sup> Boonop word ons as valse getuies vir God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het — vir wie Hy dan nie opgewek het as dit so is dat dooies nie opgewek kan word nie.\* <sup>16</sup> Want as dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. <sup>17</sup> En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs en is julle steeds in julle sondes. <sup>18</sup> Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore. <sup>19</sup> Indien ons hoop slegs vir hierdie lewe op Christus gevestig is, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

<sup>20</sup> Maar nou, •Christus is opgewek uit die dood — die eersteling van die ontslapenes.<sup>n</sup> <sup>21</sup> \*Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens. <sup>22</sup> Want soos almal deur

---

\* **15:9** omdat ... vervolg het: Hand 8:3

\* **15:10** Sy ... vergeefs nie: 2 Kor 6:1

\* **15:10** ek het ... ander: 2 Kor 11:5,23

\* **15:15** ons teen ... kan word nie: Hand 1:22; 4:33; 5:32

<sup>n</sup>**15:20** eersteling ... ontslapenes: “•Eersteling” verwys na die eerste vrug of oes wat aan God gewy is, waarop die volle oes sal volg. In daardie sin word Christus genoem “die eersteling van die ontslapenes”; vgl Kol 1:18.

\* **15:21** Gen 3:17-19; Rom 5:12,18

Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.<sup>23</sup> \*Maar elkeen volgens 'n bepaalde orde: as eersteling Christus, daarna, met sy koms, hulle wat aan Christus behoort.<sup>24</sup> Dan kom die einde, wanneer Hy die koningsheerskappy aan God, die Vader, sal oorgee,\* wanneer Hy alle heerskappy en gesag en mag vernietig het.<sup>25</sup> Want Christus moet as koning regeer totdat “Hy al die vyande onder sy voete gestel het”.<sup>o</sup><sup>26</sup> \*Die laaste vyand wat vernietig moet word, is die dood.<sup>27</sup> “Want Hy het alles onder sy voete gestel.”<sup>p</sup> Maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat dit met die uitsondering is van Hom wat alle dinge aan Christus onderwerp het.<sup>28</sup> Wanneer alles aan Hom onderwerp is, sal die Seun Homself onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal sal wees.

<sup>29</sup> Anders, wat sal diegene wil bereik wat hulleself ter wille van die dooies laat doop? Indien dooies glad nie opgewek word nie, waarom laat hulle hulle ter wille van dooies doop?<sup>30</sup> \*En waarom stel ons ons van uur tot uur in gevaar?<sup>31</sup> So waar as wat ek van dag tot dag in doodsgevaar verkeer,\* so waar is dit, broers,<sup>q</sup> dat julle my rede tot roem is in •Christus Jesus, ons Here.<sup>32</sup> As ek in Efese as 'n sterflike mens teen wilde diere<sup>r</sup>

---

\*15:23 1 Thess 4:16; Op 20:5

\*15:24 *aan God ... oorgee*: Dan 2:44

<sup>o</sup>15:25 *onder ... gestel het*: Dit dui op die onderwerping van die vyand; vgl Ps 110:1; Matt 22:44.

\*15:26 Op 20:14; 21:4

<sup>p</sup>15:27 *Want ... gestel*: Aanhaling uit Ps 8:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Ps 110:1.

\*15:30 Rom 8:36

\*15:31 *van dag ... verkeer*: 2 Kor 4:10-11

<sup>q</sup>15:31 *broers*: Vgl voetnoot in 1 Kor 15:1.

<sup>r</sup>15:32 *wilde diere*: Soos in Ps 17:12; 22:13-22 figuurlik vir sy baie en vyandige teenstanders; vgl 1 Kor 6:9.

geveg het, van watter nut was dit vir my? As dooies nie opgewek word nie, “laat ons eet en drink, want môre sterf ons”.<sup>\*</sup> <sup>33</sup> Laat julle nie mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes.”<sup>\*</sup> <sup>34</sup> Wees nugter in julle denke<sup>\*</sup> soos dit hoort en moenie sondig nie. Sommige van julle het helaas geen kennis van God nie.<sup>\*</sup> Dit sê ek tot julle skande.<sup>\*</sup>

### Opstanding van die liggaam

<sup>35</sup> Iemand sal egter kan vra: “Hoe word die dooies opgewek en met watter soort liggaam verskyn hulle?” <sup>36</sup> \*Hoe dwaas! Wat jy saai, kom nie tot lewe nie tensy dit eers sterf. <sup>37</sup> En wat jy saai, saai jy nie in die vorm wat dit sal aanneem nie, maar as 'n blote saadkorrel, of dit nou 'n koringkorrel is of een van die ander sade. <sup>38</sup> \*Maar God sal, soos Hy beplan het, aan elkeen van die sade 'n eie vorm gee. <sup>39</sup> Nie alle lewende wesens is eenders nie. Daar is een fisiese vorm vir mense, 'n ander vir diere, 'n ander vir voëls en nog 'n ander vir visse. <sup>40</sup> Daar is ook hemelliggame en aardse liggame, maar die glans van die hemelliggame is anders as dié van die aardse liggame. <sup>41</sup> Die glans van die son is anders as die glans van die maan en anders as die glans van die sterre. Een ster verskil immers van 'n ander in glans. <sup>42</sup> So sal dit ook wees met die opstanding van die dooies:

Wat gesaai word in verganklikheid,  
word opgewek in onsterflikheid;

---

\* **15:32** *laat ... sterf ons:* Jes 22:13b; 56:12; Luk 12:19-20

\* **15:33** *Slegte ... sedes:* Vgl Menander, *Thais* (218)

\* **15:34** *Wees ... denke:* Rom 13:11; Ef 5:14

\* **15:34** *Sommige ... God nie:* Hand 26:8

\* **15:34** *Dit sê ... skande:* 1 Kor 6:5

\* **15:36** Joh 12:24

\* **15:38** Gen 1:11

<sup>43</sup> \* wat gesaai word in oneer,  
word opgewek in heerlikheid;

wat gesaai word in swakheid,  
word opgewek in krag.

<sup>44</sup> Wat gesaai word,  
is 'n natuurlike menslike liggaam;

wat opgewek word,  
is 'n geestelike liggaam.

As daar 'n natuurlike menslike liggaam is, is daar ook 'n geestelike liggaam. <sup>45</sup> Daar staan immers geskryf: “Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword.”<sup>s</sup> Die laaste Adam het egter 'n lewendmakende Gees geword. \* <sup>46</sup> Die geestelike liggaam is egter nie eerste nie, maar wel die natuurlike menslike liggaam; daarna kom die geestelike. <sup>47</sup> Die eerste mens was uit die aarde, en stoflik; \* die tweede 'n mens<sup>t</sup> uit die hemel. <sup>48</sup> Soos die aardse mens, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens,<sup>u</sup> so ook die hemelse mense. <sup>49</sup> Soos ons die beeld van die stoflike mens gedra het, \* so sal ons die beeld van die hemelse mens<sup>v</sup> dra.

<sup>50</sup> \* Dit is wat ek bedoel, broers,<sup>w</sup> dat mense van vlees en bloed nie die

---

\* **15:43** Fil 3:20-21

<sup>s</sup>**15:45** *Die eerste ... geword:* Paulus voeg die woorde “eerste” en “Adam” in die aanhaling uit Gen 2:7 in.

\* **15:45** *Die laaste ... Gees geword:* Joh 6:63; 2 Kor 3:6,17

\* **15:47** *Die eerste ... stoflik:* Gen 2:7

<sup>t</sup>**15:47** *mens:* Verwys na Christus.

<sup>u</sup>**15:48** *hemelse mens:* Vgl voetnoot in 1 Kor 15:47.

\* **15:49** *die beeld ... gedra het:* Gen 5:3

<sup>v</sup>**15:49** *hemelse mens:* Vgl voetnoot in 1 Kor 15:47.

\* **15:50** 1 Kor 6:13

<sup>w</sup>**15:50** *broers:* Vgl voetnoot in 1 Kor 15:1.

•koninkryk van God kan beërf nie, en die verganklike beërf nie die onverganklike nie. <sup>51</sup> Kyk, ek vertel vir julle 'n misterie: nie almal van ons sal ontslaap<sup>x</sup> nie, maar ons sal almal verander word, <sup>52</sup> by die laaste basuin — binne 'n oomblik, 'n oogwink. 'n Basuin sal weerklink en die dooies sal onverganklik opgewek word,\* en ons sal verander word.  
<sup>53</sup> \*Want hierdie verganklike liggaam moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike liggaam met onsterflikheid. <sup>54</sup> En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word, dan sal die woord wat geskryf staan, vervul word:

“Die dood is verslind in oorwinning.”\*

<sup>55</sup> \* “Dood, waar is jou oorwinning?

Dood, waar is jou angel?”

<sup>56</sup> Die angel van die dood is die sonde,\* en die krag van die sonde lê in die wet.\* <sup>57</sup> Maar aan God die dank, wat aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus •Christus. <sup>58</sup> Daarom, my geliefde broers, wees standvastig en onwrikbaar en wy julle ten volle aan die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie vergeefs is nie.\*

---

<sup>x</sup>**15:51** *ontslaap*: Vgl voetnoot in 1 Kor 15:6.

\* **15:52** *'n Basuin ... opgewek word*: Matt 24:31

\* **15:51-52** *maar ons sal almal ... opgewek word*: 1 Thess 4:15-17

\* **15:53** 2 Kor 5:4

\* **15:54** *Die dood ... in oorwinning*: Jes 25:8

\* **15:55** Hos 13:14

\* **15:56** *Die angel ... sonde*: Rom 7:13

\* **15:56** *en die krag ... wet*: Rom 6:14

\* **15:58** *julle arbeid ... is nie*: 2 Kron 15:7; Op 14:13

# 16

## Insameling vir die gemeente in Jerusalem

<sup>1</sup> Wat die insameling vir die •heiliges betref:\* Die reëling wat ek in die •gemeentes van Galasië getref het, moet julle ook so uitvoer. <sup>2</sup> Elkeen van julle afsonderlik moet op die eerste dag van die week<sup>y</sup> 'n bedrag opsy sit en volgens sy verdienste spaar, sodat die insamelings nie eers wanneer ek kom, plaasvind nie. <sup>3</sup> Wanneer ek opdaag, sal ek wie julle ook al goedkeur met aanbevelingsbriewe stuur om julle gawes na Jerusalem te neem. <sup>4</sup> Indien dit die moeite werd is dat ek ook gaan, kan hulle my vergesel.

## Paulus se reisplanne

<sup>5</sup> Ek sal na julle kom as ek deur Macedonië<sup>z</sup> gereis het, want ek gaan deur Macedonië reis.\* <sup>6</sup> Moontlik sal ek 'n tyd by julle oorbly of selfs oorwinter, sodat julle my kan voorthelp waarheen ek ook al mag gaan. <sup>7</sup> Want ek wil julle nie nou net in die verbygaan sien nie; ek hoop immers om 'n tyd lank by julle te bly, indien die Here dit toelaat.\* <sup>8</sup> Ek sal egter

---

\*16:1 *Wat die ... betref:* Hand 11:29; Rom 15:25-26; 2 Kor 8:9; Gal 2:10

<sup>y</sup>16:2 *1ste dag ... week:* Letterlik 'op die eerste van die Sabbatte', dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Joh 20:19; Hand 20:7.

<sup>z</sup>16:5 *Macedonië:* 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

\*16:5 *want ek ... reis:* Hand 19:21

\*16:6 Rom 15:24; Tit 3:12

\*16:7 *indien ... toelaat:* Hand 18:21

\*16:8 Hand 19:1,10

tot Pinkster<sup>a\*</sup> in Efese bly, <sup>9</sup> want 'n deur het groot en kragtig vir my oopgegaan,\* hoewel daar baie teenstanders is.

<sup>10</sup> As Timoteus kom,\* sorg dat hy by julle niks te vrees het nie, want soos ek doen hy ook die werk van die Here;\* <sup>11</sup> daarom moet niemand hom minag nie.\* Help hom in vrede om na my te kom, want ek verwag hom saam met die broers.

<sup>12</sup> En oor die broer Apollos:\* Ek het hom herhaaldelik versoek om saam met die broers na julle te gaan, maar hy wil beslis nie nou gaan nie. Hy sal gaan wanneer dit vir hom geleë is.

### Versoeke en groete

<sup>13</sup> Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manhaftig, wees sterk.\*  
<sup>14</sup> Laat alles wat julle doen, in liefde geskied. <sup>15</sup> Ek rig nog 'n ernstige versoek tot julle, broers.<sup>b</sup> Julle weet dat Stefanus en sy huisgesin\* die

---

<sup>a</sup>**16:8 Pinkster:** Pinksterfees, ook genoem Fees van die Weke of Fees van die Oes, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die Here aangebied moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) na Pasga gevier is;  
•Feeste.

\***16:8 Pinkster:** Lev 23:15-21; Deut 16:9-11

\***16:9 want ... oopgegaan:** Hand 19:8-10; 2 Kor 2:12; Kol 4:3; Op 3:8

\***16:10 As ... kom:** 1 Kor 4:17

\***16:10 want ... Here:** Fil 2:20

\***16:11 daarom ... minag nie:** 1 Tim 4:12

\***16:12 Apollos:** Hand 18:24; 1 Kor 1:12; 3:5-6

\***16:13 wees manhaftig ... sterk:** Ps 31:24; Ef 6:10

<sup>b</sup>**16:15 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\***16:15 Stefanus ... huisgesin:** 1 Kor 1:16

eersteling<sup>c</sup> in Agaje<sup>d</sup> is, en hulleself tot diens van die •heiliges gestel het.  
<sup>16</sup> Onderwerp julle aan die leiding van sulke mense, en aan elkeen wat saamwerk en hom inspan. <sup>17</sup> Ek is bly oor die koms van Stefanus, Fortunatus en Agaïkus, want hulle het vergoed vir my gemis aan julle.  
<sup>18</sup> Hulle het my gees verkwik en julle s'n ook. Gee daarom erkenning aan sulke mense.\*

<sup>19</sup> Die •gemeentes in Asië<sup>e</sup> groet julle. Akwila en Priska\* en die gemeente wat in hulle huis bymekaarkom,\* stuur vir julle baie groete in die Here.  
<sup>20</sup> Al die broers groet julle. Groet mekaar met 'n heilige soen.\* <sup>21</sup> \*Groete, van Paulus, geskryf met my eie hand. <sup>22</sup> As iemand die Here nie liefhet nie, laat hom vervloek wees. *Marana ta.*<sup>f</sup>

### Seën en liefdesgroet

<sup>23</sup> Die genade van die Here Jesus bly met julle. <sup>24</sup> My liefde bly met julle almal in •Christus Jesus.

---

<sup>c</sup>**16:15 eersteling:** Verwys na die eerste gerwe van die oes wat aan God toegewy word. Hier dien dit as beeld vir die eerste bekeerdes in die betrokke landstreek; vgl Rom 11:16; 16:15.

<sup>d</sup>**16:15 Agaje:** 'n Romeinse provinsie wat uit Sentraal- en Suid-Griekeland bestaan het.

\***16:18 Gee ... mense:** Fil 2:29; 1 Thess 5:12

<sup>e</sup>**16:19 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

\***16:19 Akwila en Priska:** Hand 18:2,18,26; Rom 16:3

\***16:19 gemeente ... bymekaarkom:** Rom 16:5

\***16:20 Groet mekaar ... soen:** Rom 16:16; 2 Kor 13:12; 1 Pet 5:14

\***16:21** Kol 4:18; 2 Thess 3:17

<sup>f</sup>**16:22 Marana ta:** Aramees vir 'Kom, ons Here', of 'Ons Here het gekom'; vgl Gal 1:8-9.